Spogwerk -Afrikaans - My 1ste kortverhaal

"Carman"-speurdiens Ons 1ste saak . . .

Ek het vir Mandy gesê dit is 'n simpel idee om "kindervriend" met grimering te versier, maar sy wou nie luister nie nou sit ons met die gebakte pere . Ek kyk op en sien die rooi walm op juffrou se gesig, haar oë trek skrefies en haar lippe word al hoe dunner . . . gaan ek die volgende halfuur maak? Dan is dit nog Afrikaans van alle vakke.

Juf. Carla is in haar vroeë dertigs en nie juis die model-tipe nie. Haar hare is bruin met pienk glansstrepies, wat gereeld in 'n bolla weggesteek word. Haar vergrootglase beklemtoon haar skrefiesoë en as sy beweeg knak, knak haar kieriebeentjies na links en regs a.g.v. die ongelooflike stelte.

Juf. Carla is gewoonlik redelik gemoedelik; maar vandag is die gort gaar. Kan Mandy se versiering op haar ou slaanstokkie so groot boehaai opgeskop het. Ek stap bang, bang na juffrou se tafel, kan ek dit waag om haar te vra? Ek kyk weer na haar, die rooi walm is nou bietjie weg. Sy lyk nou soos my ma as die horlosie 10 uur slaan en sy gewoonlik al 8 uur in die bed moes wees. Het sy nie dalk net ..., net … dalk …'n slegte slapie, of miskien 'n nare droom agter die blad nie?

Ek maak my mond oop, maar voor die klanke almal se ore bereik hoor ek Mandy langs my vra, "Juffrou, kan ons gou die kamer verlaat!" Met vraagtekens op my kop storm ons daar uit. In die badkamer begin Mandy giggel. Sy begin babbel oor juffrou wat altyd op 'n Maandag só lyk, nooit by Saterdae se sportbyeenkomste is nie, daar geen koorlesse op Vrydae mag wees nie en hoekom maak so mooi juffrou haarself so . . . lelik?

Net daar en dan begin "Carman" (Carli en Mandy) speurdiens en oppad terug takel ek sommer vir juffrou Aneleen met die vraag of ons nie dalk Vrydagmiddag 'n ekstra koorles kan inwerk nie, waarop sy dadelik nee antwoord met die flou verskoning van, ag nee wie wil nou op Vrydae werk.

Mandy het ook gou begin met haar speurwerk en vir tannie Anna-Marie gepeper met vrae oor die sportbyeenkomste en die onderwysers se teenwoordigheid, (kamstig vir die Visservonk …. ha, ha), maar tog, Mandy het ook maar sonder antwoorde teruggekom.

Die volgende oggend ontmoet ek en Mandy onder die Lapa. Ek sê vir Mandy iewers ruik ek 'n rot, ek wonder of juffrou nie 'n geraamte in die kas het nie? Hoekom mag ons nooit in haar stoortjie ingaan nie?
Na 4 periodes en 'n pouse wat soos 'n ewigheid gevoel het is ons uiteindelik in juf. Carla se klas. Sy lyk vandag baie beter en haar potblou oë kan vandag weer duidelik gesien word. Mandy is die voorbeeld self en vra vir juffrou of ons dalk die klas na skool kan uitvee en danksy Mandy se versierings op "kindervriend" besluit juffrou dit is 'n goeie straf.

Ek het met Pieter gereël dat hy juffrou kantoor toe sal roep en ons twee kloek toe soos henne op 'n nes in juffrou se klas. Ek loer deur die stoortjie se sleutelgat. Die beeld is maar dof maar wat ek wel kan sien is 'n paar pragtige uitrustings wat ek seker is nie in Suid-Afrika gekoop is nie, en hoe kan juffrou dit met 'n karige onderwyssalaris bekostig?

Mandy reken toe dat ons die aand juffrou dalk moet "google" om meer oor haar uit te vind. Maar dit het ook nie veel opgelewer nie. Carla Benadé is slegs in een artikel in 1994 waar sy bekroon is tydens Pro Arte (Kunsskool) in Pretoria se prysuitdeling as beste dansstudent.

Daardie aand lê ek moedeloos en sonder antwoorde op al my raaisels voor die TV en "blaai" deur al die kanale. Op 123 ontdek en die vreemdste, "weird"-ste sepie oor 'n gesin wat in 'n Karavaan woon in die in die middestad van New York.

Ek sit ewe skielik regop op my stoel, wie sien ek daar. . . Juffrou Carla verskyn uit die niet op die TV as 'n ongelooflike, beeldskone, brillose, huisvroutjie wat haar gesin probeer bymekaar hou in die betonoerwoud.
Kan dit waar wees? Hoe kan juffrou oorsee wees? Ek MXit dadelik vir Mandy, maar wat ons gedink het die antwoord is, het nou net nog meer vrae veroorsaak.

Die volgende oggend staan ons al voor 7 by juffrou se parkering. Sy sal moet verduidelik . . . Juffrou Carla het net skaam geglimlag. Sy was al die tyd nie net 'n "ou juffroutjie" nie, maar wel Carlela Benida, 'n bekende aktrise wat elke naweek met haar "suitcase" na Hollywood reis om daar 'n totaal ander lewe te lei.

Juffrou Carla wil nie graag haar geheim in die ope hê nie en na baie onderhandeling besluit ons op 'n ooreenkoms. Ons albei kry 98% vir Afrikaans vir die res van die jaar en ons word juffrou se "PA's" ("Personal Assistants"). "Carman"-speurdiens was beslis die moeite werd en nou knyp ons ook 'n kat in die donker . . . ha, ha.

Carli Kriek (Gr. 7 V)